Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# EKONOMIE V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 19 bladsye.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 A inspuitings ✓✓

1.1.2 D piek ✓✓

1.1.3 B begroting ✓✓

1.1.4 B revaluasie ✓✓

1.1.5 C Handelsliberalisering ✓✓

1.1.6 C grondherverdeling ✓✓

1.1.7 D kritieke infrastruktuurprogram ✓✓

1.1.8 A Arbeidsproduktiwiteit ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS-ITEMS

1.2.1 E – Stel internasionale riglyne vir die rapportering van statistieke wat oor lande vergelykbaar is ✓

1.2.2 G – Makro-ekonomiese model wat daarop dui dat skommelinge ’n gevolg van tegnologiese veranderinge is ✓

1.2.3 F – Begrotingstekort om nie 3% van die BBP-lenings te oorskry nie ✓

1.2.4 H – Die vervaardiging van ’n goed of diens teen die laagste koste ✓

1.2.5 B – Vaste en voorafbepaalde hoeveelheid wat ingevoer kan word ✓

1.2.6 C – Gemeet aan reële BBP ✓

1.2.7 I – Geniet aansporings soos belastingverligting om nywerheidsontwikkeling te bevorder ✓

1.2.8 D – Gehef deur banke aan hul beste kliënte ✓ (8 x 1) (8)

1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Geïnduseerde verbruik ✓

1.3.2 Bewegende gemiddeldes ✓

1.3.3 Vergelykende voordeel ✓

1.3.4 Beskerming ✓

1.3.5 Ruimtelike Ontwikkelings-inisiatief ✓

1.3.6 Produsenteprys-indeks ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

### VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE tipes wisselkoersstelsels.**

- Vry swewende ✓
- Vaste wisselkoers ✓
- Beheerde swewende ✓ (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Waarom is die waarde van die vermenigvuldiger in ’n vier-sektormodel kleiner as dié van ’n twee-sektormodel?**

Die grootte van die vermenigvuldiger sal kleiner wees aangesien daar meer lekkasies (belasting en invoer) in die ekonomie sal wees. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer ’n item uit die tabel hierbo wat uit salarisse en lone bestaan uit die tabel hierbo.**

- Vergoeding van werknemers ✓ (Enige 1 x 1) (1)

2.2.2 **Noem EEN item wat gebruik word wanneer BBP teen faktorkoste na BBP teen basiese pryse omgeskakel word.**

- Belasting op produksie ✓
- Subsidies op produksie ✓ (Enige 1 x 1) (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *faktorkoste*.**

Faktorkoste verteenwoordig die totale inkomste wat deur verskillende produksiefaktore ontvang word. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.4 **Verduidelik die doel van ’n residuele item in die berekening van BBP.**

Om akkuraatheid van die syfers te verseker / om verskille wat ontstaan omdat verskillende metodes gebruik word om BBP te bereken, in ag te neem. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.5 **Waarom sal ekonome konstante pryse bo huidige pryse verkies wanneer hulle ekonomiese groei meet?**

- Konstante pryse word aangepas om die uitwerking van inflasie uit te sluit, terwyl huidige pryse nie aangepas word nie.✓✓
- Konstante pryse bied ’n ware weerspieëling op werklike veranderinge in produksie van goedere en dienste, terwyl huidige pryse ’n verkeerde weerspieëling gee. ✓✓
- Huidige pryse gee ’n verkeerde/skewe aanduiding van die werklike groei van die ekonomie. ✓✓
- Die meting van ekonomiese groei deur konstante pryse te gebruik, verskaf akkurate data aan beleidmakers om ingeligte besluite te maak. ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die oorspronklike ewewigsprys.**
P1 ✓ (1)


2.3.2 **Gee 'n formule om die totale vraag vir 'n geslote ekonomie te bereken.**
TV = C + I + G ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *nuwe ekonomiese paradigma*.**
Die nuwe ekonomiese paradigma verwys na regeringsbeleid wat ontwerp is om 'n hoë koers van ekonomiese groei te verseker sonder om aanbodbeperkings en prysinflasie te hê. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.3.4 **Verduidelik die gebruik van uitgebreide fiskale beleid om ekonomiese aktiwiteit te stimuleer.**
- Toenemende staatsbesteding sal die totale vraag verhoog wat dien as 'n inspuiting in die ekonomie wat lei tot 'n toename in produksie, en meer produksiefaktore word aangewend. ✓✓
- Vermindering van belasting wat lei tot 'n toename in besteebare inkomste wat tot 'n toename in totale vraag sal lei. ✓✓
- Verhoging in regeringsbesteding en verlaging van belasting op dieselfde tyd sal tot 'n aansienlike toename in vraag lei. ✓✓ (2)

2.3.5 **Teken die grafiek oor in jou ANTWOORDEBOEK en voltooi dit om die effek van vraag- en aanbodkantbeleide in die gladstryking van sakesiklusse te toon.**

2 punte vir aa verhoging
1 punt vir benoeming van ekwilibrium-punte
1 punt vir korrek geposisioneerde en benoemde nuwe ekwilibrium na 'n toename in aanbod




(4)

2.4 **Bespreek kortliks spesialisasie en doeltreffendheid as gevolge van internasionale handel.**

**Spesialisasie**

- Spesialisasie verhoog die lewenstandaard, veral wanneer die spesialisasie gebied in groot aanvraag is weens ’n tekort aan verskaffing, ✓✓
- bv. Angola het olie sodat dit in olieprodukte kan spesialiseer. Mosambiek het geen oliebronne nie en kan nie in hierdie hulpbronne spesialiseer nie.✓✓

**Doeltreffendheid**

- Onbeperkte internasionale handel verhoog mededinging ✓✓
- Mededinging verhoog doeltreffendheid aangesien dit onnodige koste en vermorsing uitskakel en verminder ✓✓
- Verhoogde doeltreffendheid lei tot laer koste en laer pryse ✓✓
- Laer pryse beteken dat dieselfde inkomste meer goedere en dienste kan koop ✓✓ wat tot ’n verhoogde lewenstandaard lei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4 + 4) (8)

2.5 **Hoekom is finansiële markte belangrik vir ekonomiese groei?**

Finansiële markte is belangrik vir ekonomiese groei omdat hulle:

- voorsiening te maak vir die huishoudings om hul deel van inkomste te spaar en vir besigheid om 'n bedrag geld te leen. ✓✓
- die vloei van spaargeld en investering in die ekonomie te rig wat die akkumulasie van kapitaal vergemaklik, ✓✓
- die toename in kapitaalakkumulasie vir die ekonomie dra by tot verhoogde produksie van goedere en dienste ✓✓
- oorbrug die gaping tussen diegene wat oormaat geld het met diegene wat geld nodig het deur die geld- en kapitaalmarkte ✓✓
- geleenthede bied om welvaart te verhoog deur in die aandelemark te belê ✓✓
- voorsien 'n meganisme vir die regering om inflasie en geldvoorraad deur die effektemark te beheer ✓✓
- die toewysing van krediet in die ekonomie te reguleer wat ook die produksie van goedere en dienste vergemaklik ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE argumente ten gunste van vryhandel.**

- Spesialisering ✓
- Skaalbesparings ✓
- Keuses/toename in welvaart ✓
- Innovasies/Beste praktyk ✓
- Verbeterde internasionale betrekkinge ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe beïnvloed ʼn toename in invoer die ekonomie?**

- ʼn Stygende vlak van invoer en ʼn groeiende handelstekort kan 'n negatiewe uitwerking op ʼn land se wisselkoers hê. ✓✓
- ʼn Toename in invoere kan ʼn land se handelsbalans verwring en sy geldeenheid devalueer. ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer ʼn metode om uitvoere te bevorder uit die inligting hierbo**

- Aansporings ✓
- Subsidies ✓ (1)

3.2.2 **Noem ʼn internasionale instelling wat vryhandel bevorder.**
Wêreldhandelsorganisasie (WHO) ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *uitvoerbevordering*.**
Uitvoerbevordering verwys na maatreëls wat deur die regering onderneem word om plaaslike produsente aan te moedig om meer te produseer om aan ander lande te verkoop. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.4 **Verduidelik die voordeel van skaalvoordele vir verbruikers.**
Skaalvoordele bevoordeel verbruikers deur lae produksiekoste wat tot lae pryse sal lei. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.2.5 **Hoe help ʼn toename in uitvoere ʼn ekonomie?**

- ʼn Handelsoorskot dra by tot ekonomiese groei in ʼn land. ✓✓
- Wanneer daar meer uitvoere is, beteken dit dat daar ʼn hoë vlak van uitset van ʼn land se fabrieke en nywerheidsfasiliteite is. ✓✓
- Daar is ook ʼn groter aantal mense wat in diens geneem word om hierdie fabrieke in bedryf te hou. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)

(Enige 2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die groeibeleid wat daarop gemik is om werk te skep deur arbeidsintensiewe metodes van bogenoemde te gebruik.**
UOWP ✓ (1)

3.3.2 **Noem enige ander Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleid.**
- HOP ✓
- GEAR ✓
- Asgisa ✓
- Jipsa ✓
- NOP ✓
- NGP ✓ (Enige 1 x 1) (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*.**
ʼn Verbetering in die lewenstandaard van die burgers van ʼn land. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.4 **Verduidelik die rol van die regering in die bevordering van die toetrede van swart entrepreneurs tot besighede.**
Die regering kan toetrede van swart entrepreneurs tot besigheid bevorder deur:
- die inisiëring van behoorlike en doeltreffende wetgewing (voorkeur-verkryging) ✓✓
- ondersteuning van organisasies wat gelyke verteenwoordiging in die ekonomie dryf ✓✓
- versekering van behoorlike onderwys en opleiding en mentorskap (inkubasieprogramme) ✓✓
- finansiële ondersteuning te bied waar nodig ✓✓
- monitering van SEB-nakoming en optrede deur wetgewing ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

3.3.5 **Waarom was die BBSEB-programme nie suksesvol in die bevordering van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika nie?**
BBSEB was nie suksesvol in Suid-Afrika nie, want:
- Die meerderheid van die benadeelde mense van hierdie land het nie ten volle by die beleid baat gevind nie, aangesien armoede en werkloosheid steeds toeneem. ✓✓
- Maatskappye met swak BBSEB-tellings sal waarskynlik nie deelneem aan staatskontrakte nie, hoewel hulle ʼn groot persentasie swartmense in diens het, wat ʼn negatiewe impak op ander maatskappye in swart besit het. ✓✓
- Tenders word deur middel van voorkeurverkryging toegeken, en kos die regering meer aangesien hulle nie die verskaffers van dienste is nie as gevolg van uitkontraktering (omdat hulle nie betrokke is by die verskaffing van die goedere en dienste nie, word die kwaliteit benadeel). ✓✓
- Bedrog waar betaling vir tenders nagekom is sonder enige produk- of dienslewering. ✓✓
- Bedrog soos vals SEB-sertifisering, wanvoorstellings aan staatsdepartemente, versuim om aandelesertifikate uit te reik en diefstal. ✓✓
- Die herverdeling van rykdom is beklemtoon en het nie ekonomiese groei bevorder nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4)

3.4 **Bespreek die redes vir industriële ontwikkeling.**

- Om die wêreldekonomie uit te buit om handel te dryf en kennis te bekom. ✓✓
- Om te verseker makro-ekonomiese stabiliteit word gehandhaaf vir verbetering van ekonomiese groei. ✓✓
- Om hoë koerse van spaar en belegging te bereik om werksgeleenthede te skep. ✓✓
- Om grootskaalse vervaardiging, landbou, mynbou en dienste-produksie te vestig vir ’n meer diverse ekonomie. ✓✓
- Ontwikkel binnelandse vervaardigingskapasiteit om uitvoere te verhoog. ✓✓
- Ontwikkel en handhaaf toepaslike aansporings om beleggers te lok.✓✓
- Dra by tot die industriële ontwikkeling van die Afrika-kontinent ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

3.5 **Hoe sal die sukses van die NOP die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel?**

- Daar sal ’n toename in ekonomiese groei deur werkskepping as meer goedere en dienste geproduseer word ✓✓
- Lewenstandaarde sal verbeter soos meer mense in diens geneem word en daar sal minder afhanklikheid van maatskaplike toelaes wees ✓✓
- Ekonomiese integrasie binne en buite die grense van die land sal deur handel versterk word ✓✓
- Kwaliteit uitset beide in goedere en dienste sal geproduseer word soos globalisering verhoog ✓✓
- Daar sal ekonomiese doeltreffendheid wees wat tot hoër produktiwiteit en hoër winste lei ✓✓
- Buitelandse beleggers se vertroue sal verhoog, wat tot beleggings en meer produksie eenhede sal lei ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 4.1.1 **Noem TWEE tipes sakesiklusse.**

- Kitchen-siklusse ✓
- Jugler-siklusse ✓
- Kuznets-siklusse ✓
- Kondratieff-siklusse ✓ (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 **Waarom is spesiale ekonomiese sones belangrik vir 'n ekonomie?**

- Spesiale ekonomiese sones het verbinding met beide verskaffers en potensiële markte, terwyl dit uitvoergerigte nywerhede en plaaslike integrasie bevorder. ✓✓
- Hulle stimuleer indiensneming, industriegroei en maatskaplike ontwikkeling. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die waarde van die handelsbalanstekort vir Januarie 2023.**
R23,05 miljard ✓ (1)

4.2.2 **Noem ’n hoofrekening van die betalingsbalans wat uitvoere en invoere aanteken.**
Lopende rekening ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *handelsbalans*.**
Die verskil tussen uitvoere en invoere. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.4 **Verduidelik die doel van die betalingsbalans.**
Die betalingsbalans verskaf gedetailleerde inligting oor die ekonomiese en finansiële verhoudings tussen ’n land en die res van die wêreld. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.5 **Hoe kan lande ’n gunstige handelsbalans verkry?**
Lande kan ’n gunstige handelsbalans verkry deur:

- Verbetering van hul handelsbalans deur baie te belê in uitvoergerigte vervaardigings- of ontginningsbedrywe. ✓✓
- Plasing van tariewe op ingevoerde goedere. ✓✓
- Devaluering van die land se geldeenheid. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
(Enige 2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer ’n omgewingskwessie wat arm lande raak.**

- Orkane ✓
- Droogtes ✓
- Oorstromings ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 1) (1)

4.3.2 **Watter deel van Noord-Suid-verdeling verteenwoordig die arm lande?**

Suid ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *Noord-Suid-verdeling*.**

Verwys na die ontwikkelde lande in die Noordelike halfrond en die ontwikkelende lande in die Suidelike halfrond. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.4 **Verduidelik die negatiewe impak van massaproduksie deur ontwikkelde lande op die omgewing.**

- Sommige metodes wat tydens massaproduksie gebruik word lei tot skadelike gasvrystelling wat die osoonlaag beskadig wat lugbesoedeling tot gevolg het. ✓✓
- Massaproduksie lei ook tot die storting van giftige afval op land en water. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)


4.3.5 **Hoe kan ongelyke lewenstandaarde wat verband hou met die Noord-Suid-verdeling aangespreek word?**

Ongelyke lewenstandaard kan aangespreek word deur:

- die skep van surplusse op BBP wat lande kan spaar en in hul ekonomieë kan belê, wat tot hoër lewenstandaarde lei ✓✓
- die verhoging van die per capita-inkomste in ontwikkelende lande in die Suide deur verhoogde buitelandse investering wat tot verhoogde ekonomiese groei lei ✓✓
- fokus op grootskaalse nywerheidsaktiwiteite en ’n wye verskeidenheid dienste waar meer mense by ekonomiese aktiwiteite betrokke kan wees wat lei tot ’n styging in inkomstevlakke ✓✓
- die regering wat meer bydra deur meer belasting te verhoog om beter dienste te lewer ✓✓
- die verhoging van die lewensverwagting van ontwikkelende lande wat aan siektes en swak gesondheid ly, deur die ingryping van ontwikkelde lande waar die nuutste navorsing en tegnieke toegepas word ✓✓
- fokus op die stryd teen wanvoeding en ernstige siektes soos MIV en vigs ✓✓
- die verhoging van die standaard van onderwys deur effektiewe interaksie met die betrokke partye betrokke by menslike ontwikkeling ✓✓
- die beskikbaarstelling van die vlak en doeltreffendheid van onderwys soos deur die volwasse geletterdheidsyfer uitgedruk ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4)

4.4 **Met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, verduidelik die amplitude van 'n sakesiklus.**




<u>Puntetoekenning</u>
Korrekte tekening van besigheidsiklus: 2 punte
Korrekte plasing en benoeming van die amplitude: 2 punte
**(Maks. 4 punte)**

**Verduideliking**

- Amplitude verwys na die vertikale (hoogte) verskil tussen 'n trog en die volgende piek van 'n siklus. ✓✓
- Dit is die verskil tussen die totale uitset tussen 'n piek en 'n trog. ✓✓
- Dit meet die afstand van die ossillasie van 'n veranderlike vanaf die tendenslyn. ✓✓
- Dit is die intensiteit van die opswaai en afswaai in ekonomiese aktiwiteit. ✓✓
- Hoe groter die amplitude, hoe meer ekstreem is die veranderinge wat kan voorkom.✓✓ (Enige 2 x 2) (8)

4.5 **Hoe sal lande by internasionale ooreenkomste baat vind?**

- Die produsent land verkry toegang tot nuwe verbruikers en die invoerland verkry toegang tot goedere wat vereis word ✓✓
- Lande kan verlaagde tariewe op invoere en uitvoere geniet ✓✓
- Internasionale ooreenkomste laat lande toe vir die beveiliging van kredietlyne tussen lidlande ✓✓
- Die versterking van betrekkinge op ander terreine as handel en belegging, ✓✓ byvoorbeeld ekonomiese samewerking, wetenskap en tegnologie, kultuur en kuns en dialoog oor internasionale kwessies ✓✓
- Die verbetering van globale doeltreffendheid ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**

**AFDELING C**

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek in detail die hoofdoelwitte van die openbare sektor in die ekonomie. (26 punte)**
- **Ontleed die impak van swak dienslewering deur die regering op sosio-ekonomiese regte. (10 punte)**

**INLEIDING**

Die staat of regering verskaf goedere en dienste wat onder lewering deur die mark is en speel dus ŉ groot rol in die regulering van ekonomiese en leiding en vorming van die ekonomie. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding.) (2)

**HOOFDEEL**

**Ekonomiese groei** ✓
- Verwys na ŉ toename in die produksie van goedere en dienste. ✓✓
- Dit word in terme van reële BBP gemeet. ✓✓
- Vir ekonomiese groei om plaas te vind, moet die ekonomiese groeikoers hoër as die bevolkingsgroei. ✓✓
- Groei en ontwikkeling in ŉ land bevoordeel sy burgers omdat dit dikwels tot ŉ hoër lewenstandaard lei. ✓✓

**Volle indiensneming** ✓
- Dit is wanneer al die mense wat wil werk, wat werk soek, werk moet kan kry ✓✓
- Hoë vlakke van indiensneming is die belangrikste ekonomiese doelwit van die regering ✓✓
- Die werkloosheidsyfer het die afgelope paar jaar toegeneem ✓✓
- Gestremde persone het benadeelde status in Suid-Afrika ✓✓
- Informele sektoraktiwiteite moet bevorder word omdat dit ŉ gebied is waar indiensneming toeneem ✓✓
- Vir indiensneming om te verhoog, moet produksie toeneem ✓✓

**Wisselkoersstabiliteit** ✓
- Die ekonomie moet doeltreffend bestuur word en effektiewe fiskale en monetêre beleid moet gebruik word om die wisselkoers relatief stabiel te hou ✓✓
- Depresiasie en waardering van die geldeenheid skep onsekerhede vir produsente en handelaars en moet beperk word ✓✓
- Die SARB het die wisselkoersstelsel verander van ŉ bestuurde swewende na ŉ vry swewende wisselkoersstelsel ✓✓

**Prysstabiliteit** ✓
- Stabiele pryse veroorsaak beter resultate in terme van werkskepping en ekonomies groei ✓✓
- Die SARB-inflasieteiken is 3–6% ✓✓
- Rentekoerse, gebaseer op die repokoers, is die hoofinstrumente wat in die stabiliseringsbeleid gebruik word ✓✓
- Die stabiele begrotingstekort het ook ŉ stabiliserende effek op die inflasie-koers ✓✓

**Ekonomiese billikheid** ✓
- Herverdeling van inkomste en rykdom is noodsaaklik ✓✓
- Suid-Afrika gebruik ŉ progressiewe inkomstebelastingstelsel – belasting op winste, belasting op welvaart, kapitaalwinsbelasting en belasting op besteding word gebruik om gratis dienste te finansier ✓✓
- Gratis maatskaplike dienste is basiese onderwys; primêre gesondheid en om basiese ekonomiese dienste te finansier ✓✓
- Bv. kontanttoelaes aan armes, bv. kindertoelaes en kontanttoelaes aan kwesbare mense, bv. ongeskiktheidstoelaes ✓
- Progressiewe belasting beteken dat die hoër inkomste verdieners hoër/meer belasting betaal ✓✓ (Maks. 26) (26)

**ADDISIONALE DEEL**

Swak dienslewering deur die regering kan 'n impak op sosio-ekonomiese regte hê deur:
- beperking van mense se deelname aan ekonomiese aktiwiteite as gevolg van swak infrastruktuur dienste soos elektrisiteit en watervoorsiening ✓✓
- om mense bloot te stel aan ŉ ongesonde of onveilige leefomgewing as gevolg van swak sanitasie en ŉ gebrek aan behuising ✓✓
- die skending van kinders se reg op onderwys weens ŉ gebrek aan opvoedkundige infrastruktuur en materiaal ✓✓
- mense bloot te stel aan dood risiko's deur swak gesondheidsorgdienste in sommige dele van die land ✓✓
- beperking van toegang tot behuising en eienaarskap van eiendom deur vertraagde menslike nedersetting en behuisingsprogramme ✓✓
- mense bloot te stel aan misdaad as gevolg van swak en onbetroubare beskermingsdienste deur die SAPD en weermag ✓✓
- die mense se reg op menswaardigheid te skend deur te versuim om behoorlike sanitasie en behuising in sommige dele van die land te voorsien ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
ŉ Maksimum van 2 punte kan vir blote opsomming van feite toegeken word.
(Maks. 10) (10)

**Gevolgtrekking**

Dit is baie belangrik dat die staat van tyd tot tyd sy funksionering verbeter om die ekonomie se onstabiliteit te vermy om sodoende gewenste ontwikkeling te bring. ✓✓
(Aanvaar enige hoër orde relevante gevolgtrekking.) (Maks. 2) (2)
**[40]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- **Bespreek sosiale aanwysers in detail. (26 punte)**
- **Hoe kan dienslewering deur plaaslike owerhede verbeter word? (10 punte)**

### INLEIDING

Sosiale aanwysers is 'n maatstaf wat ekonome of die regering gebruik om die prestasie van 'n land te evalueer in terme van die sosiale welstand van sy burgers. ✓✓ (Aanvaar enige korrekte relevante inleiding.) (Maks.) (2)

### HOOFDEEL

**Demografie** ✓
- Dit handel oor die kenmerke van die bevolking, bv. bevolkingsgrootte/ras/ouderdom/geslag/inkomste/geografiese verspreiding/taal/opvoeding/beroep/godsdiens/geboortesyfer/vrugbaarheidsyfer/lewensverwagting by geboorte/kindersterftesyfer/sterftesyfer. ✓✓
- Hierdie inligting kan deur die regering gebruik word om te beplan vir bv. infrastruktuurontwikkeling ✓✓ en implementering van maatskaplike programme. ✓✓
- Dit is ook belangrik vir besigheid aangesien dit die grootte en kenmerke van besigheid se teikenmarkte aandui. ✓✓

<u>Die bevolkingsgroei</u> ✓
- Die bevolking van Suid-Afrika is teen middel-jaar 2021 op 60,14 miljoen geraam en na verwagting sal dit in 2022 ongeveer 61,93 miljoen wees ✓✓
- Suid-Afrika het 'n relatief hoë bevolkingsgroei in vergelyking met ander ontwikkelde lande. ✓✓
- Die bevolkingsgroeikoers is 'n belangrike aanwyser vir die regering in terme van die aantal maatskaplike dienste wat benodig word. ✓✓

<u>Lewensverwagting</u> ✓
- Dit spreek die aantal jare uit wat 'n pasgebore baba sal leef as die heersende sterftepatrone dwarsdeur sy of haar lewe. dieselfde gebly het. ✓✓
- In Suid-Afrika is lewensverwagting by geboorte vir 2021 op 59,3 jaar vir mans en 64,6 jaar vir vroue geraam. ✓✓
- Die gemiddelde lewensverwagting vir Suid-Afrika in 2022 word op 64,63 jaar geraam. ✓✓ Dit is belangrik vir die regering om die gemiddelde lewensverwagting van die bevolking te ken, aangesien werkende mense 'n reeks maatskaplike dienste benodig en ook die belastingbasis van die land. ✓✓
- Versekeringsmaatskappye stel veral belang in die lewensverwagting omdat onverwagte verlagings in lewensverwagting die aantal jare wat polishouers hul premies kan betaal verminder ✓✓ en nadelige uitwerking op die dienste van sulke besighede kan hê. ✓✓

<u>Afhanklikheidskoers</u> ✓
- Die hoë-ouderdom afhanklikheidsyfer in Suid-Afrika dui op die vlak van afhanklikheid van diegene wat werk. ✓✓

Menslike Ontwikkelingsindeks ✓
- Dit is ŉ sosio-ekonomiese aanwyser van menslike ontwikkeling. Drie basiese aspekte word oorweeg: die lewenstandaard, gehalte van gesondheidsorg en algemene onderwysstandaard. ✓✓

**Voeding en gesondheid ✓**

Dit is twee verwante sosiale aanwysers.

Voeding
- Dit is ŉ belangrike aanwyser vir die welstand van babas en klein/jong kinders. ✓✓
- Twee belangrike voedingstoestande is kinderwanvoeding en oorgewig wat veral belangrik is vir kinders onder die ouderdom van vyf jaar. ✓✓

Kinder wanvoeding ✓
- Wanvoeding word op twee maniere uitgedruk, naamlik gewig vir ouderdom (ondergewig) en lengte vir ouderdom (vertraagde of dwerggroei). ✓✓
- Wanvoeding in al sy vorme kom neer op ŉ ondraaglike las, nie net die nasionale gesondheidstelsel nie, maar op die hele kulturele, sosiale en ekonomiese weefsels van die nasie. ✓✓
- Die proporsie kinders wat ondergewig is, is die belangrikste aanwyser van wanvoeding ✓✓ en gewig omdat oorgewig die risiko van sterftes verhoog en kognitiewe ontwikkeling by kinders beïnvloed ✓✓

Oorgewig kinders ✓
- Die voorkoms van oorgewig kinders is ŉ groeiende bron van kommer in Suid-Afrika. ✓✓
- Daar is ŉ verband tussen vetsug by kinders en die hoë voorkoms van diabetes (suikersiekte), respiratoriese siektes, hoë bloeddruk, sielkundige en ortopediese afwykings. ✓✓
- Oorgewig kan lei tot talle nadelige gesondheidstoestande wat mense se vermoë om te werk en vir hulself te sorg, beïnvloed. ✓✓
- Regerings maak dikwels wetgewing dat gesondheidsaanvullings soos vitamien A by basiese voedselsoorte soos brood gevoeg word. ✓✓
- Die gesondheidsdepartement moedig ook borsvoeding aan. ✓✓
- Wanvoeding en vetsug by kinders is aanwysers wat oorweeg word wanneer daar op voedingskemas en hul omvang besluit word. ✓✓

Gesondheid
- ŉ Aantal aanwysers word beide nasionaal en internasionaal gebruik om die gesondheid van ŉ bevolking te monitor. ✓✓

Kindersterftes ✓
- Dit word gemeet in terme van die aantal babas wat voor die ouderdom van een jaar per duisend lewende geboortes in ŉ gegewe jaar sterf. ✓✓
- Die huidige babasterftesyfer vir Suid-Afrika in 2022 is 24 306 sterftes per 1 000 lewende geboortes, ŉ afname van 2,93% vanaf 2021. ✓✓
- Die babasterftesyfer vir Suid-Afrika in 2021 was 25 039 sterftes per 1 000 lewende geboortes, ŉ afname van 2,84% vanaf 2020. ✓✓
- Kindersterftes is aansienlik hoër in arm huishoudings. ✓✓

Onder/Jonger as vyf sterftes ✓

- Dit word gemeet in terme van die waarskynlikheid dat 'n pasgebore baba sal sterf voor die ouderdom van vyf jaar, indien onderhewig aan huidige ouderdom-spesifieke sterftesyfers. ✓✓
- Die waarskynlikheid word uitgedruk as 'n getal per duisend en in Suid-Afrika is die Onder vyf-sterftesyfer (per 1 000 lewende geboortes) in Suid-Afrika in 2020 op 32,2% gerapporteer, volgens die Wêreldbank. ✓✓

Gesondheidsbesteding ✓

- Dit word in terme van die hoeveelheid openbare en private besteding aan gesondheidsorg as 'n persentasie van die BBP gemeet. ✓✓
- Gesondheidsuitgawes vir die 2021/2022-boekjaar was R248,8 miljard en sal na verwagting met 0,8% per jaar styg, van R58,1 miljard in 2020/21 tot R59,4 miljard in 2023/24. ✓✓
- Gesondheidsorg het uitgebreide positiewe eksternaliteite. ✓✓

Toegang tot skoon drinkwater ✓

- Dit word gemeet in terme van die persentasie van die bevolking wat redelike toegang tot veilige en drinkwater (behandel of onbesmet) het. ✓✓
- Die persentasie huishoudings met toegang tot 'n verbeterde bron van water het tussen 2002 en 2021 van 84,4% tot 88,7% toegeneem. ✓✓

Toegang tot sanitasiegeriewe ✓

- Dit word gemeet in terme van die persentasie van 'n bevolking met ten minste voldoende sanitasiegeriewe wat menslike kontak met mense, dier en insekte effektief kan voorkom. ✓✓
- Die persentasie huishoudings met toegang tot verbeterde sanitasie het tussen 2002 en 2021 met 22,4 persentasiepunte toegeneem, van 61,7% tot 84,1%. ✓✓
- 'n Gesonde bevolking bespaar op mediese en ander koste, lewer inkomste en dra tot 'n sterker ekonomie by. ✓✓

**Dienste ✓**

Dienste is noodsaaklik om mense se lewenstyl en vlak van ekonomiese en sosiale ontwikkeling te verbeter. ✓✓

In Suid-Afrika word die volgende ingevolge die Grondwet se vereistes van menswaardigheid en sosiale geregtigheid geïdentifiseer: ✓✓

Elektrisiteit ✓

- 'n Toename in die persentasie huishoudings wat aan die elektrisiteitstoevoer vanaf die hoofleiding gekoppel is, het van 76,7% in 2002 tot 89,3% in 2021 toegeneem.✓✓

Vullisverwydering ✓

- Drie-vyfdes (62,9%) van huishoudings in Suid-Afrika se vullis is weekliks of minder gereeld in 2021 verwyder. ✓✓
- Vullisverwydering was baie meer algemeen in stedelike as in landelike gebiede (85,4% vergeleke met 11,8%), terwyl 86,3% van huishoudings in metropolitaanse gebiede toegang tot hierdie dienste gehad het. ✓✓

Watervoorsiening ✓
- 88,7% van alle huishoudings gebruik kraanwater in hul wonings, hul erwe of uit hul bure se of gemeenskaplike krane gebruik, terwyl slegs 45,2% het in 2021 water in hul wonings gehad. ✓✓
- Dit is die gemiddelde van stedelike en landelike toegang tot verbeterde waterskemas.✓✓
- Verbeterde waterbronne verwys na 'n voldoende hoeveelheid water uit bronne ✓✓
- bv. huishoudings se aansluitings/krane binne die erf/openbare krane/boorgate/beskermde fonteine/en reënwaterversameling. ✓

Sanitasie ✓
- Nasionaal, in 2021, het slegs 64,8% van huishoudings spoeltoilette gebruik, terwyl 19,3% puttoilette met ventilasiepype en 13,4% puttoilette sonder ventilasiepype gebruik het. ✓✓

**Onderwys ✓**
Die lewenstandaard hou met die vlak van onderwys verband.✓✓

Onderwys is ŉ belangrike sosiale aanwyser:

Openbare besteding ✓ die persentasie van die nasionale begroting wat aan onderwys toegeken is. ✓✓
Sekondêre inskrywing ✓ dit toon die persentasie van ŉ ouderdomsgroep wat in die hoërskool ingeskryf is. ✓✓
Primêre voltooiing ✓ die persentasie van ŉ ouderdomsgroep wat primêre onderwys voltooi het, is ŉ aanwyser van die doeltreffendheid van die onderwysstelsel. ✓✓
Jeug-geletterdheidsyfer ✓ die persentasie van die ouderdomsgroep 15–24 jaar wat geletterd is. ✓✓

**Behuising en verstedeliking**

Behuising ✓
- Beduidende deel van SA burgers is arm en kan nie eiendom bekostig nie (± 50%).✓✓
- Die regering verskaf subsidies en lenings van die private sektor. ✓✓
- Meer as 1,5 miljoen huise is sedert 1994 oorhandig. ✓✓

Verstedeliking ✓
Verstedeliking (toename in bevolkingsgetalle in stede/dorpe) as gevolg van:
- die natuurlike groei van die stedelike bevolking; ✓✓
- migrasie ✓
- vestiging van nuwe dorpe. ✓✓

**(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)**
**(Maks. 8 punte vir opskrifte, lys van feite en voorbeelde.)** (Maks. 26) (26)

## ADDISIONALE DEEL

Dienslewering deur plaaslike munisipaliteite kan verbeter word deur:

- verhoging van burgerdeelname in die sake van die plaaslike owerheid en vennootskap met die gemeenskap in dienslewering. ✓✓
- om 'n buigsame reaksie op diensgebruikerklagtes te hê. ✓✓
- waarde vir geld te bied en te verseker dat diensgebruikers hul rekeninge betyds betaal. ✓✓
- behoorlike strategiese staatsdiensbeplanning te doen. ✓✓
- implementering van 'n gesonde menslikehulpbronbeleid wat kapasiteitsbou en werknemersmotivering insluit. ✓✓
- die hantering van verandering in plaaslike regering toepaslik en effektief. ✓✓
- die hantering van korrupsie en die verbetering van aanspreeklikheid van mensehulpbronne. ✓✓
- skeiding van pligte tussen raadslede en bestuur van die plaaslike owerhede. ✓✓
- vennootskap met ander spelers en uitkontraktering van dienste waar van toepassing. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 10) (10)

## GEVOLGTREKKING

- Sosiale aanwysers is die beste maatstawwe om die ontwikkeling en vordering van gemeenskappe na te gaan as gevolg van regeringsinisiatief om die lewens van die gemeenskap in die algemeen te verbeter. ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse regering verhoog jaarliks sy begrotingsbesteding aan gesondheid en onderwys om die lewens van sy burgers te verbeter. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoërorde gevolgtrekking.)

(Maks. 2) (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou